PURKE!
vir al u kleurbaadjies
Johan Claassen
Broers
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Kerkstraat 92
Tak: Tomstraat 100

die WAPAD
Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O. In u lig sien ons die lig.
JAARGANG XXVIII VRYDAG, 23 FEBRUARIE 1973 Nr. 1

CACHET
APTEEK
Groot genoeg om u te bedien
Klein genoeg om u te ken.
★
DIE
STUDENTE-APTEEK

# BLANKES TOT BESINNING GEROEP



Foto geneem op 9 Februarie 1973 tydens die amptelike opening van die Universiteit. Van links na regs ds. A. A. Venter, prof. T. Van der Walt, genl. R. C. Hiemstra en prof. H. C. van Rooy. (*Fotokuns*).

**IN SY toespraak by die amptelike opening van die Universiteit het die pasafgetrede Weermagshoof, Genl. R. C. Hiemstra, S.S.A., S.M., die blanke in Suid-Afrika tot besinning geroep en die weiering van die blanke om sekere fundamentele feite tot op die logiese uiteindende onder oë te sien aan die kaak gestel.**

Volgens Genl. Hiemstra is die stryd van die Afrikaner as Afrikaner volstry. Dit gaan vir hom veel eerder oor die toekoms van die Blankedom as 'n Blankedom in Suid-Afrika. Pas stel hy aan die studente en hul intellektuele leiers die dringende vraag: Jong Suid-Afrika: Quo Vadis?

Die verstarring en verwarring wat die hele Westerse beskawing vandag kenmerk, kan vergelyk word met die „besluitloosheid en aarseling" van „'n mistroostige Hamlet".

Die hele vrye wêreld verkeer sedert die begin van die Kommunistiese Konfrontasie en die Uhuru stromloop in 'n toestand van sieklike verlamming.

„Daar is vandag haas geen mens en nasie wat nie met 'n onrustige gemoed bewus is van ongekende veranderinge op die sosiale, politieke en ekonomiese terreine nie wat nie voel dat hy midde in 'n stroom van gebeurtenisse en verwikkelinge staan waaroor hy geen beheer het nie en wat besig is om ingrypende veranderinge teweeg te bring wat elke mens dwing om die een of ander keuse tussen diepgaande verskille en botsende opvattinge oor ons menslike bestaan, naasbestaan te maak."

„Dit is net of die nasies van ons eie Westerse Beskawing hulpeloos vasgevang is in die hipnose van 'n soort Raka, die Aapmens, hy wat nie kan dink, die simbool van brute geweld, van wellus en die redeloosheid van 'n dier".

Deurdat ons volk weier om sekere fundamentele feite onder die oë te sien, deins ons terug vir noodsaaklike optrede en veranderinge, ons dryf voort „op 'n stroom van leë **woorde** om die **daad** te vermy." So sal ons volk, volgens die spreker op 'n Hamlet-tragedie afstuur. Hierna het Genl. Hiemstra hom konsekwent direkter oor die politieke situasie in Suid-Afrika uitgelaat.

Hy het gesê: „Wat my betref het apartheid of afsonderlike ontwikkeling nog nooit iets anders beteken as dat blank en nie-blank mekaar êrens in die toekoms op gelyke voet sal ontmoet nie. Dit beteken nie onbelemmerde sosiale vermening nie, maar as apartheid iets anders beteken, is dit bedrog."

In hierdie proses is daar egter sekere slaggate, waarvan die belangrikste vooroordeel is.

In hierdie moeilike wêreld is daar egter nog geleenthede vir die jeug, geleenthede om effek tief te wees t.w.v. jou medemens, geleenthede om te kan **werk.**

„Ons ou volkie sit vandag met 'n stel vooroordele wat hul bron in die geskiedenis het, wat van een geslag na die ander oorgedra is asof hulle vir ewig geldig is en wat ons beslis in veranderde omstandighede in heroënskou kan neem.

Dit is vooroordele tussen Afrikaners en Engelssprekendes, vooroordele oor ons verhoudings tussen blankes en Bantoes, Kleurlinge en Indiërs, gegrond op 'n patetiese onkunde oor die veranderinge wat daar in die laaste kwarteeu en meer by al hierdie bevolkingsgroepe plaasgevind het.

Daar is Indiërs wat die Afrikaners gehelp het ten bedrae van in die tien syfers toe hulle in nood verkeer het, maar dit is 'n bevolkingsdeel wat bitter gely het onder die bepalings van die Groepsbegiede en ander wette Daar is Kleurlinge en Indiërs wat in kennis en handvaardigheid vir min blankes agteruit hoef te staan".

Al indringender het hy voortgegaan: „Die ganse mensdom het dit sedert die Tweede Wêreldoorlog aanvaar dat alle nieblanke rasse, afgesien van beskawingspeil op enige ander verskille, geregtig is op selfbeskikking en die erkenning van hul menswaardigheid op alle terreine en vlakke van menslike kontak op 'n absolute gelyke voet met alle mense, sonder enige diskriminasie op grond van kleur, ras, geloof of beskawingspeil.

Dit is fundamenteel maar ons weier in die praktyk om dit te doen.

„Ons kan onsself in geen omstandighede, alleen of met hulp van nog swakker bondgenote, met wapengeweld teen enige betekenisvolle moondheid of kombinasie van moondhede staande hou nie, ten spyte van die indrukwekkende gedreun van ons Miragevliegtuie, die gewilligheid van ons sodate, die aantreklikheid van ons wit vlootuniformpies, of enige beskeie begin van 'n wapennywerheid nie.

Geweld was nog nooit die oplossing van enige probleem nie en dit sou 'n heilsame uitwerking hê as 'n bietjie minder mense agter ons Weermag skuil en meer die oplossing van ons probleem in politieke en ekonomiese rigting wou soek wat

Vervolg op bladsy 4.

# SAKELUI VERWELKOM STUDENTE

## Boodskappe van Georganiseerde Handel

Graag wil ek langs hierdie weg van die geleentheid gebruik maak om as President van die Potchefstroomse Kamer van Koophandel en Industrieë en ook names lede van die vereniging, alle studente)aan die Potchefstroomse Universiteit welkom te heet.

Ons hoop en vertrou dat die jaar 1973 vir elkeen 'n suksesvolle akademiese jaar sal wees en dat op die gebied van sport groot hoogtes bereik sal word.

Die groei van die Universiteit beinvloed die groei van ons dorp. Die hoop word uitgespreek dat alle studente gedurende hul tydperk van studie hulself so tuis sal maak dat hulle inwoners van ons pragtige tuindorp sal wees en nie net loseerders nie.

Ons dorp bied baie aan wat betref ontspanning asook besigheidsfasiliteite. Aangesien dit die slagspreuk van die jaar is, „Koop in Potchefstroom", wil ek die vertroue uitspreek dat ons die ondersteuning van elke studente sal geniet.

H. L. KITSHOFF,
President Kamer van Koophandel, Potchefstroom.

Die sentrale tema van die sakelui in Potchefstroom is tans „Koop in Potchefstroom". Die veldtog word as gesametlike aksie deur die Afrikaanse Sakekamer en die Kamer van Koophandel en Industieë geloods.


Die sakelui van Potchefstroom besef dat die dorp se grootste „nywerheid" sy onderwys is en as)sulks die P.U. vir C.H.O. — as grootste plaaslike onderwysinstansie. Daarom dat die onderwys ook betrek word by die veldtog. 'n Twee-rigting verkeer dus: Die kleinhandel en die onderwys — waar die een die ander hand was.

Die uitgangspunt van die Afrikaanse Sakekamer is Diens, En die diens kan sy lede lewer — wil sy lede ook lewer.

Aan die begin van die nuwe jaar vrewelkom ek u, die Pukstudent, in Potchefstroom reeds. Ek hop dat diegene wat vanjaar vir die eerste eer na ons dorp gekom het, reeds deel van Potchefstroom is; u verblyf hier baie aangenaam sal wees; u veel voordeel uit u verblyf sal put. Die sakekamer verseker u van diens van al sy lede!

Ek wens u 'n suksesvolle studiejaar toe. Mag dit op alle terreine van die studentelewe met u goed gaan!

P. OTTEN,
Voorsitter: Potchefstroomse Afrikaanse Sakekamer.

Potchefstroom se
Afrikaanse Padkafee
●
U KEN ONS
BAILLIEPARK PADKAFEE
By die Johannesburg- en Paryspad aansluiting.
●
DUS:
WAT DOEN U AS KOSHUISKOS VERVELIG RAAK?
KOM ONDERSTEUN 'N AFRIKAANSE SAAK

Onder persoonlike bestuur van Oom Jan Aucamp.

Die Bult
Apteek / Pharmacy
Noordbrug Apteek (Edms.) Bpk.

★ VIR AL U APTEKERSBENODIGDHEDE . . . . . .
. . . . . ONS KEN U BEHOEFTES

Direkteure: Prof. M. C. B. v. R. v. Oudshoorn (L.A.V.) Voorsitter; Dr. A. P. Goossens (L.A.V.); A. C. Dreyer (B.Sc.-Far ) (L.A.V.) en Andries G. Coetsee (B.Sc.-Far )ff L.A.V. (Besturend).

# NUWE SUB-EENTJIES VIR DIE PUK!

**"O-O-O-O-O, DIE DORE HET GEKOM!" DIT IS HEEL DUIDELIK. SULKE VERWELKTE KREATUURTJIES WAT ELKE DAG VERDWAASD OP DIE PLAAS RONDDWAAL. MA SE KIND "DIT" VERLANG DAREM EMMERS VOL; GLO MY, DIS OMTRENT KRONIES AS DIE PROFFIES GLAD TOT ENIGSTE VRIENDE GEREKEN WORD — SOOS EEN DOORTJIE TEREG HAAR EIE VONNIS OP 'N STOETKAART ONDERTEKEN HET: "COME WHAT MAY!"**

Maar wag, ek mag lankal nie meer van dore praat nie. Hulle is mos nou eerstejaars! Waarde eerstejaartjies wat met blink oë en stywe neuse die kampus oorneem in hulle allernuutste kleertjies — ter ere van die prof, die drie verskillende rokkies op een dag, hmm.?

Ag, maar toemaar, eintlik kan die ou dames sterf van jaloesie. Die jeug se fraai onskuld en naïwiteit beny ons vreeslik! Julle weet mos van "The world is mine oyster", en so aan. . . .

Daar is natuurlik nog 'n misverstand wat vinnig uit die weg geruim moet word, en wel: "die manne wil nie kyk"! Kan jy glo! Ek verwonder my dan wat Saterdagaand gebeur het. Mens kan skaars die pateties-verskrikte, deurmekaar figuurtjies van Bartholomeusnag, in die verhewe wesentjies van ontheffingsdinee-aand, herken. So 'n drastiese gedaanteverwisseling moet met vanselfsprekend aan al die "pragtige" broekpersone te danke wees. Die ou dames wil ook aan die manne dankie sê — vir tenminste die dag, het die dore selfs vir ons ook geblom!

En sowat van rondskarrel darem! Elke eerstelingkamer was advertensie vir een of ander geur: Imprevu en Flair, Masumi of Arabique, Primitive en . . en . . . wel 'n Franse woord! Vir my het al die rasende opgewondenheid in een doortjie se koorsige woorde gekulmineer, "Juffrou, ek sien so uit na vanaand!"

Het jy dit toe geniet?

Natuurlik! Almal het, en daarmee aanvaar ons julle nou hier. Eintlik is julle baie welkom, om die waarheid te sê, dis vir ons 'n vreugde — wie anders sal so uitmuntend voordeur- en telefoondiens doen?

Ook 'n paar van die mans deel in ons entoesiasme; "verandering van spyse bring eetlus".

Vir julle kan dit net so 'n fees wees. Geniet hierdie eerste jaar, doortjies! Dis 'n hele nuwe belewenis en die moeite werd om te ervaar, want "grootmens is dit nou!"

DIE HUIS VAN CRONJE LEMMER


DIE ENIGSTE MODEONTWERPER OP POTCHEFSTROOM



- Vir modieuse dames wat unieke uitrustings soek . . .
- Vir u as persoon vir u geleentheid, bv. trourokke, aandrokke . . .
- Mans onderbaadjies, modieuse pakke en dasse volgens die nuutste modes en ontwerpe gemaak. . .

*DAGDRAG* *AANDDRAG* *TROUROKKE*

SANTAMARKADE, KERKSTRAAT. TELEFOON 7678



CACHET MODES
DIE DAMESWINKEL BIED U
SOMERMODES
WINTERMODES
ONDERKLERE
BROEKKOUSE
TOMSTRAAT 94

# ASTER

## ,IK VIND HET FYN'

**"IK VIND het erg fyn hier op de Puk en in het koshuis. Iedereen kent iedereen en iedereen groet elkaar, wat ik, als Hollander, helemaal niet gevend. Het studentenleven hier is voor my een heel aparte belevenis. In Holland is dit heel anders. Ja, ik het heb hier ontzaglyk goed naar myn zin." Dit is die mening van *Gertruda Hulsman* wat vanjaar as eerstejaar ingeskryf het.**



Volgens Gertrude het haar ouers besluit om na Suid-Afrika te kom omdat die ekonomiese toestande in Holland uiters swak is. Ook op kerklike gebied gaan dit uiters sleg as gevolg van die lae morele peil.

Die Hollandse student geniet algehele vryheid. Hy word slegs verplig om twee praktiese klasse per jaar by te woon. Daar is geen koshuise nie en die studente woon in groepe saam. Die gevolg is dat daar feitlik geen kontak tussen die studente is nie en nog minder tussen student en dosent.

Oriëntering is ook heeltemaal onbekend in Holland. Gertrude is van mening dat as dit ingestel sou word, daar miskien meer kontak tussen die studente sou wees.

Wat dink Gertrude van ons kleredrag op die kampus? "Julle klere is baie netjies". Volgens haar dra die mans en meisies in Holland presies dieselfde klere wat natuurlik uit klinknaelbroeke en bloesies of hemde bestaan. Ook is die studente vuil en dra die meisies selde grimering. Die ontheffingsdinee was vir Gertrude 'n hoogtepunt van die oriëntering omdat sy feitlik nog nooit die geleentheid gehad het om mooi aan te trek nie.

In Holland het Gertrude aan 'n Landbou Hogenschool studeer waar haar vakke wiskunde, natuurwetenskap, biologie, ekonomie, sosiologie, regte, statistiek, psigologie en ontwerpleer was. Sommige van hierdie vakke word egter gedurende die akademiese jaar afgeskryf. Tans volg sy die kursus B.A. Beplanning.

Ons wens jou alles van die beste toe Gertrude en hoop dat die Afrikaans nie veel probleme sal oplewer nie.

# MAN-VROU

Aangesien die "*Women's Life*" die afgelope tydperk soveel opspraak gewek het, het die redaksie besluit o ook 'n stuiwer in die armbeurs te gooi en het ons die mening gaan vra van een an ons Puk-dames. Haar identiteit wil sy nie graag bekend maak nie, dus noem ons haar „Mejuffrou X".

**Vraag:** Voel u dat dit reg is dat die vrou/meisie van vandag op haar regte wil staan?

**Antwoord:** Ja beslis! Elke mens is geregtig op haar/sy standpunte, beskouings, beginsels, ens., en as ons as vrou, voel ons word op hierdie terrein te na gekom, is dit beslis reg dat ons in opstand kom en ons stem laat hoor!

**Vraag:** Maar voel u dis reg dat die vrou ook nou geleidelik die plek van die man begin inneem op die terrein van arbeid, sport, politiek en dies meer?

**Antwoord:** Ja, mits sy nog altyd vrou bly — sy moet weet waar om die streep te trek. Ek glo nog daaraan dat die man verkies en eis om „baas" te wees, maar dit skep natuurlik 'n verdere probleem, want nou is daar so baie mans wat nie weet hoe om hul gesag te handhaaf nie.

**Vraag:** Bedoel u nou ten opsigte van sy verhouding teenoor sy vrou?

**Antwoord:** Ja, want die meeste mans kan nie insien dat hy nog sy vrou se meerdere kan bly, alhoewel sy op gelyke voet met hom kan verkeer nie. Ek dink nou byvoorbeeld aan 'n gedagte wat ek al vantevore gehoor het;

A woman was made out of a man;
Not from his head to be over him;
Not from his foot to be under him;
BUT from his back to be equal to him;
From his arm to be protected by him;
From his heart to be loved by him.


# POËSIE

Het u al ooit lus gevoel om te dig? Om daardie innerlike verborge gevoelens van jou op skrif te stel? Die damesblad bied nou aan elkeen daardie geleentheid — al wat u moet doen is om u bydraes in die *Wapad* se posbussie by die S.R. kantoor te plaas. En as u om allerlei redes, u identiteit geheim wil hou, belowe ons om u naam weg te laat.

Ons eerste bydrae is afkomstig van 'n dametjie en ons hoop van harte dat dit nie haar laaste is nie . . .

In een wat die oes stroop,
bring nuwe hoop
op 'n dag van more.
Wanneer die geel-groue graan
hul weg baan
na 'n donker bêreplek.
Juig 'n boerehart,
vergete die smart
van 'n droog-geteisterde dekade.


ENIDE.



# HERA

"Ag ou Lenie, wil jy nie asseblief vanmiddag kom en so 'n ou hongerige magie 'n bietjie pilsier verskaf nie, hê? Ag toe, 'seblief man, kêfiekos beginne my spysvertering so 'n galop laat maak. Net so 'n ietsie anders vir die ou maag sal hom die wêreld se goed doen, ek waarborg jou." Julle ken seker almal hierdie gesanikkie, veral die van julle wat slepe op die dorp het.

Nou ja, gee die ou dier maar so 'n "pilsiertjie" en maak vir hom 'n lekker dissie. Dis so vinnig en so maklik en dit kos so min . . . ! 'n uur na die geweeklaag en die man van jou drome se mond is toe en hy lyk so gelukkig soos net 'n man met 'n vol pensie en sy meisie aan sy sy kan lyk. Ek hoop dit help.



GEBAKTE KOTTELETTE.

*Bestanddele:*
4 kottelette
1 teelepel mosterdpoeier.
1 eetlepel asyn
1 eetlepel Bisto-poeier
1 eetlepel kookolie
sout en peper.

*Metode:*
Braai kottelette in kookolie tot bruin aan beide kante. Meng mosterdpoeier, asyn en Bisto-poeier tot 'n pasta. Plaas kottelette in bakskottel. Gooi aangemaakte mengsel oor, voeg genoeg water by sodat kottelette heeltemal bedek word. Bak vir een uur by 350° F. Tamatie en uieskuiwe kan bo-oor geplaas word indien verkies.

# MILJOENE BOEKE

**oor miljoene onderwerpe**
**— vir elke belangstelling en behoefte**



**Kom kuier rustig tussen ons rakke**

# PRO REGE

**KERKSTRAAT 91** **TEL: 5236** **TOMSTRAAT 86**

## BARTIE JUWELIERS

★

cUWELE, HORLOSIES HERSTELWERK EN GESKENKE

★

**Die enigste Juwelier op die Bult!**

★

UITSIG ARKADE
TOMSTRAAT
POTCHEFSTROOM TEL. 6597

## KOOP 'N LOOP

**PANNEKOEK – VETKOEK**

★

**DIE WEGNEEM WINKEL MET ALLES NA U SMAAK!**

★

**NET WAT U NODIG HET VIR 'N TEE-POUSE WANNEER U MOEG GESWOT IS.**

★

**Olenlaan 3 — By Herald Drukkery — Telefoon 6243**
**POTCHEFSTROOM**

## JAYS SPARES

**Gouwsstraat 3 - POTCHEFSTROOM - Telefoon 5277**

★

**VIR AL U MOTOR BYBEHORE, VERSIERSELS EN ONDERDELE**



die WAPAD


## ANNUS IN PROSPEKTUS

Welkom Pukke. 'n Nuwe jaar met nuwe uitdagings, vreugdes en ook teleurstellings lê voor. 'n Jaar waarin elke Puk sy deel moet bydra om van die Puk die Puk te maak.

Oriëntering het gekulmineer in die ontheffingsdinee. Die doel van oriëntering was om die eerstejaar vertroud te maak met die studentelewe en om hul daarby in te skakel. Die stadium het nou aangebreek waarin die nuweling op die kampus as volwaardige Pukstudente aanvaar moet word.

Die sukses van die rol wat die eerstejaar in die toekoms op die Puk gaan speel, hang ten nouste saam met die optrede van sy seniors. Met die wete dat oriëntering verby is, is daar 'n „nuwe oriëntering" waarin die senior die eerstejaar moet opvoed in die Puktradisie.

Op verskeie terreine sal leiding gegee moet word. Seniors moet op verantwoordelike wyse optree om die eerstejaars te lei en te beinvloed. Respek en agting moet afgedwing kan word sonder dat die seniors hul eers tot ander dinge moet wend om hul meer selfvertroue te gee en 'n „man" in die oë van die eerstejaars te wees. Die leiding wat aan die eerstejaar gegee moet word moet sodanig wees dat hulle nie in dieselfde slaggate sal beland as waarin ons beland het nie.

Eerstejaars, gedurende die eerste week van jul aankoms het baie jul verwelkom en vir jul gepreek, maar julle was nog vreemd en ek kan maar net hoop dat julle dit nou ter harte sal neem. Julle staan aan die begin van nie net 'n nuwe jaar nie, maar ook van 'n hele nuwe lewe en lewenswyse. Dit is 'n jaar van baie aanpassings, maar ook 'n jaar wat julle nooit sal vergeet nie. Julle is hier om jul voor te berei op 'n lewenstaak — neem dus deel aan alle studenteaktiwiteite. Dra jul deel by aan die verenigingslewe maar onthou: behou die balans tussen akademie en ontspanning.

Julle is nou nie meer die seniors van 'n hoërskool of die oumanne van 'n militêre kamp nie. Julle is nou die juniors van die Universiteit. In julle optredes moet julle dit in gedagte hou en betoon die respek en eer aan die seniors wat dit toekom.

Kom Pukke, seniors en eerstejaars, laat ons saamwerk, saam bou aan die Pukgees.


## Redaksie

Hoofredakteur — Japie Robbertse, Over-de-Voor.
Sub-redakteur — Lou Larney, Spruitstraat 34.
Sub-redaktrise — Madeleen Jordaan, Klawerhof.
Sekretaris-Penningmeester — Dave v.d. Walt, Makouvlei.
Sosiaal — Mettie Janssens, Klawerhof.
Koshuisaangeleenthede — Louwtjie Louw, Makouvlei.
Akademies — Jan Swanepoel, Thaba-Jah.
Kuns — De Villiers Lessing, 4053.
Sport — Johan Du Pisani, Liberalia.
Damesaangeleenthede — Ronel Schonfeldt, Karlien.
Sirkulasiebestuurder — Louis van Wyk.


## UITSTALLING

Florna, Montium, die Kanoklub, die Valskermklub en die Onderwaterklub het op Maandag en Dinsdag, 19 en 20 Februarie 'n gesamentlike uitstalling in die Totiussaal gehou. Die doel van hierdie uitstalling is om die Pukke opnuut weer bewus daarvan te maak dat daar op die Puk verskillende verenings is, waarin die gesonde en lewenslustige Pukstudent homself ten volle kan uitleef.

## Uit die Woord

*Want die woord van die kruis is wel dwaasheid vir die wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word is dit die krag van God.* **1 Kor. 1:18.**

*Verskillende wetenskaplikes maak in die lewe verskillende verdelings. 'n Taalgeleerde b.v. maak 'n verdeling volgens taalstamme, 'n etnoloog volgens verskillende rasse.*

*In ons teks tref onsook 'n verdeling aan maar dan een wat baie dieper sny. Die Skrif gee 'n verdeling van die mense, en sy verdeling bestaan net uit 2 groepe, n.l. die wat verlore gaan en die wat gered word. En die norm, die kriterium, waarvolgens jy tot die een of tot die ander groep sal behoort is jou verhouding tot die woord van die Kruis. Hulle wat verlore gaan ag hierdie woord 'n* dwaasheid; *maar vir hulle wat gered word is dit die* krag van God.

*Die pad van die selfverlossing word deur Paulus radikaal afgesny, want die „woord van die kruis" slaan alles wat ons s'n is uit ons hande. Eie vroomheid; eie geregtigheid, eie braafheid; Juis die dinge wat deur ons so belangrik geag word, beteken in die lig van die woord niks. Want die „woord van die kruis" is:* deur genade alleen. *Om op jou eie manier salig te word is immers onmoontlik! 'n Sondaar word net op een manier salig en dit is God se manier. En God het net een manier: deur die woord van die kruis. Die woord is plofstof. Net een vonk van die Heilige Gees is nodig om dit te laat ontplof. Maar die ontploffing is dan ook geweldig in ons lewe. Die hele gebou van sonde en eie geregtigheid word daardeur tot 'n puinhoop gemaak. Maar tog doen dit nie net vernietigingswerk nie. Dis ook kragtig genoeg om 'n nuwe gebou op te rig, n.l. die gebou van die saligheid; waarop: deur genade alleen geskrywe staan.*

*En dan word die „woord van die kruis" ook die krag van God wat die lewe in beweging bring na God toe. Dis die krag om teen die sonde te stry, om versoekinge te weerstaan en om in 'n tyd van hartseer tog nog in staat te wees om te sing tot God's eer.*

*Wat is dan die besondere van die woord van die kruis dat daar so 'n groot krag in skuil?*

*Dit is die besondere: die woord preek vir ons die barmhartigheid van God en die liefde van Christus.*

*Die versoening deur sy bloed en die lewe deur sy dood.*

*So het almal wat gered word die woord verstaan. U ook.*
*A.L*






## VOLK TOT BESINNING GEROEP

**Vervolg van bladsy 1.**

eerder ons voortbestaan as 'n blankedom sou verseker.

Ons het op die ganse aardbol geen enkele wapenbroer of politieke bondgenoot wat ons sienswyse deel nie. Daar is wel miljoene mense wat ons land goed bevriend is, maar vir wie ons dit uiters moeilik maak om ons te verdedig".

Te midde van al hierdie moeilike omstandighede moet daar vasgehou word aan die ankers van die godsdiens, sosiale verbande en die geskiedenis.

Genl. Hiemstra het ook verwys na Suid-Afrika se ingewikkelde samelewingsstruktuur, waarin die blanke sy land wil behou, maar ook aan die regte

# DEUR MY LENS

REFLEKTOR

Welkom terug Pukke. Jammer om te hoor dat daar soveel van die ou seniors is wat nie die paal gehaal het nie en nou sonder losies sit, of in 'n bedompige kamertjie vasgekluister sit. Maak dit een van julle nuwejaarsvoornemens om te „swot" vanjaar.

So van voornemens gepraat. Ek merk op dat daar van owerheisweë ook allerhande nuwe voornemens te bespeur is. Een voorbeeld daarvan is om die aansien wat die P.U.K. in die oë van die publiek geniet, te verhoog. Maar hoe word dit gedoen? Maklik. Verhoog die studentetalle en die standaard van klasse hier op die PUK. Dit opsigself is prysenswaardig, maar is die manier waarop dit gedoen word so prysenswaardi? Verhoog die studentetalle, maar tref voorsorg vir losies van die studente. Op die huidige stadium bestaan daar, myns insiens, 'n groot tekort aan losiesgeriewe en ek wil net die vraag in die midde van die belanghebbende persone lê: Waarom tref u nie genoegsame voorsorg nie, of is dit van soveel belang dat die aantal studente met so 'n geweldige persentasie toeneem terwyl u weet dat die huidige losiesgeriewe nie vir soveel voorsiening maak nie?

Tweedens, verhoog die standaard van die werk wat op die PUK gedoen word. Die voorneme verdien ook eervolle vermelding, maar soos in die geval hierbo genoem, word dit ook verkeerd aangepak. 'n Duidelike bewys hiervan was op elke student se gesig gesien toe hulle die vraestelle in die eksamenlokaal ontvang het. Dit kom vir my net daarop neer dat die standaard van die eksamenvraestelle verhoog is, terwyl die aanbieding van die klasse op dieselfde (relatief lae) standaard geskied het. Die gevolg was 'n geweldig hoë druipsyfer onder die studente. Nou wil ek het hê dat u, uself die volgende vraag afvra: Watter universiteit geniet die meeste aansien. Is dit daardie een met die hoë druipsyfer, of is dit die met 'n hoë slaagsyfer onder die studente? Natuurlik is dit die laasgenoemde. Soos uself kan sien het die verhoging van die standaard tot gevolg gehad dat 'n gemiddelde student, met 'n jaarpunt van 'n 5 of 'n 5 plus, glad nie 'n kans gehad het nie — moes maar weer probeer. Of is daar vooraf besluit wie druip en wie nie? (Terloops, daar was uitdruklik aan 'n sekere gevorderde klas gemeld dat net 15% die jaar sou slaag. Hoe-nou?) Ek vra myself net die vraag, Lê die fout by die studente, of waar anders?

Groetnis.

# WELKOMSGROET AA EERSTEJAARS

(Fika van Rensburg)



Welkom aan alle eerstejaars! Uiteindelik is jou ideaal besig om verwesentlik te word — jy is besig om 'n Puk te word! Wat 'n wonderlike besef is dit nie: Ek . . . 'n Puk.!

Nou, nadat jy twaalf jaar lank op die skoolbanke gesit het en miskien 'n tydperk van militêre opleiding agter die rug het — nou staan jy in die proses van studentword.

Jy staan in 'n bevoorregte posisie. Menige jongmens begeer om student te kan wees. Benut hierdie geleentheid ten volle en daar wag vir jou seker van die lekkerste en iteressantste jare van jou hele lewe. As student gaan julle die geleentheid kry om op elke lewensterrein julle ten volle uit te leef; bowenal gaan jy studeer, maar daar gaan ook vir julle geleentheid wees vir ontspanning, vir sportbeoefening, ..r gesellige verkeer en om aan die verenigingslewe deel te neem. Om as gebalanseerde,volle mens te ontwikkel, sal julle moet beplan en julle tyd doeltreffend moet bestee. Koop die tyd uit, want hierdie tyd van studentwees kom maar eenmaal in jou lewe. Maar onthou een ding — jou studentelewe gaan vir jou wees wat jy self daarvan maak

Dink net wat vir jou voorlê: Karnaval met al sy studentepret en jolyt . . . Inter-Varsity met sy ervarings van spannings en opwinding . . . serenadeaande met die weemoed en verlange wat dit bring . . . en selfs dalk die ontmoeting van jou LEWENSMAAT!

Hiermee Eerstejaars wens ek julle hartlik welkom. Mag julle 'n goeie mede-bouer aan Sy Koninkryk wees. En mag dit vir jou en die UNIVERSITEIT goed wees dat jy op Potchefstroom studeer het. Mag die Puk Spoedig ook jou Alma Mater word.

S.R. KUIER

Ook hierdie jaar was dit die aangename plig van die Studenteraad om gedurende oriëntering besoek af te lê by die dameskoshuise, om die dames te leer ken. Op die meegaande foto sien ons mnre. Rost, Ligthelm en Nagtegaal op so 'n onthaal. (Foto: Fotokuns).




## DIE EIKE KUNSSENTRUM

Tomstraat 98 — Uitsig Arkade

POTCHEFSTROOM

Telefoon 8191

VIR AL U KUNSBENODIGDHEDE

VERF, KWASTE, PAPIER EN SO MEER

★ *KUNSNAALDWERK*

★ *TAPISERIE,*

★ *WOL*

★ *MATERIALE, ENS., ENS.*



# SIRCLES

**'n R50 kontantprys vir die student wat die beste voorstel maak vir die bevordering van ons besigheid in Potchefstroom en in besonder tot die studentelewe.**

*Kom besoek ons en rig u voorstelle aan*

**DIE BESTUURDER,**
**SIRCLES,**
**GOUWSSTRAAT 7,**
**POSBUS 894,**
**POTCHEFSTROOM.**

*Sircles vir enigiets onder die son - wat ons nie het nie, kry ons.*

## Dames Kousbroekies 19c.

OP DIE WÊRELDFRONT

# DIE RHODESIES-ZAMBIESE GESKIL

**DIE HUIDIGE geskil tussen Zambië en Rhodesië kan teruggevoer word na 1965 toe Rhodesië hom onder leiding van mnr. Ian Smith eensydig onafhanklik van Brittanje verklaar het. Die kwartmiljoen blanke Rhodesiers was naamlik bevrees dat hulle spoedig onder 'n beleid van een-man-een-stem deur 'n swart meerderheidsregering oorheers sou word soos met blankes elders in Afrika gebeur het.**

Vir Zambië en die ander swart state wat die Blanke vyandiggesind is, was dit 'n oorsaak van groot woede en van Brittanje is geëis om die Smith-regering tot 'n val te bring, met geweld indien nodig. Brittanje het egter nie kans gesien om geweld te gebruik nie en het die V.V.O. gevra om sanksies teen Rhodesië in te stel.

**Suid-Afrika betrek.**

Suid-Afrika se buitelandse beleid is gegrond op nie-inmenging in ander lande se huishoudelike sake en om nie aan boikotte en sanksies deel te neem nie. Op grond van die beleid was Suid-Afrika nie bereid om sanksies teen Rhodesië toe te pas nie en het hy Rhodesië in die moeilike tyd wat gevolg het, openlik gehelp om kop bo water te hou. Nadat dit vir Zambië en die ander Afrikastate duidelike geword het dat Brittanje en die ander Westerse state nie geneë was om mnr. Smith se regering met geweld tot 'n val te bring nie, het Zambië die Rhodesiese terroriste-organisasies begin toelaat om vanaf Zambiese bodem teen Rhodesië op te tree. Suid-Afrika weer het verklaar dat hy hulp teen terrorisme sal verleen aan enige land wat daarom vra en op grond daarvan is lede van die Suid-Afrikaanse Polisie na Rhodesië wat, sedert 1968 van tyd tot tyd met terroriste-aanvalle te doen het, gestuur, veral ook omdat dit geblyk het dat onder die terroriste in Rhodesië daar ook persone vanuit Suid-Afrika was. Hierdeur en deur sy weiering om sanksies toe te pas, is Suid-Afrika teen wil en dank ook by die geskil tussen Rhosedië en Zambië betrek.

**Gevaarlike verwikkeling.**

Na 'n paar jaar van betreklike stilte het daar sedert Desember 1972 'n skerp oplewing van terrorisme, veral in die noordoostelike deel van Rhodesië, die Centenary-gebied, plaasgevind. Die rede is blykbaar dat die terroriste-organisasies bang is dat hulle die geldelike en ander hulp wat hulle uit verskillende oorde kry, sal verloor as hulle nie spoedig vordering kan wys nie. Met hierdie doel voor oë het hulle dus op verskerpte optrede teen Mosambiek en Rhodesië besluit. Daar is dan ook reeds 'n aantal blankes gedood en gewond, onder wie ook twee Suid-Afrikaanse polisiemanne wat in 'n landmynontploffing gedood is.

Die Rhodesiese regering het erken dat die terroriste deeglike voorbereidings vir die aanval getref het. Wapens en ammunisie is vooraf in die geheim in Rhodesië ingesmokkel en weggesteek, terwyl Rhodesiese Bantoes onder andere deur middel van toordokters omgepraat en gedreig is om met die terroriste saam te werk. Dit is 'n baie gevaarlike ontwikkeling want die waaksaamheid en samewerking van die inboorlinge langs die grensgebiede het die Rhodesiese veiligheidsmagte tot nog toe veel gehelp om terroriste-aanslae die hoof te bied. Optrede teen die terroriste word nog verder bemoeilik deur hulle taktiek en onverwags aan te val en daarna na veiligheid oorkant die Zambiese grens te vlug, terwyl die landmyne wat hulle agterlaat, agtervolging nog verder bemoeilik.

**Grens gesluit.**

In hierdie omstandighede moes mnr. Smith dringend iets doen om die lewe en eiendom van Rhodesiërs te beveilig. Nadat hy, na hy beweer, pres. Kaunda verskeie kere gewaarsku het dat hy die terroriste moes hokslaan en geen bevredigende waarborg ontvang is nie, het hy die gemeenskaplike grens gesluit. Vir Zambië was dit 'n gevoelige slag daar die meeste van sy in- en uitvoer deur Rhodesië na die Mosambiekse hawe Beira gegaan het, asook na Suid-Afrika wat, naas Brittanje, die land se vernaamste handelsvennoot is. Deur die stap het mnr. Smith beoog om Zambië se handel so te benadeel dat pres. Kaunda daardeur verplig sou word om terroriste in sy land vas te vat. Die maatreëls was egter nie daarop bereken om die Zambiese ekonomie, byvoorbeeld deur die afsny van die land se koperuitvoer of deur die staking van elektrisiteitslewering vanaf die Kariba-kragsentrale aan die Rhodesiese kant van die grens, totaal te ruïneer nie. Deur die grensluitings het Rhodesië self ook heelwat skade as gevolg van die verlies aan spoorvragheffings gely.

**Bevredigende waarborge.**

Pres. Kaunda se reaksie was om nog meer militant in sy verklarings te raak en ook die koperuitvoer deur Rhodesië te staak. Hy het verklaar dat hy ander uitvoerroetes sal soek en onder andere van die voltooide gedeelte van die Tanzam-spoorlyn na Dar es-Salaam gebruik sal maak. Die Rooi Chinese bouers van die spoorlyn het dan ook nie op hulle laat wag om hul volle steun aan Zambië toe te sJ nie. Alternatiewe roetes bestaan wel en word tans ondersoek maar almal lewer vraagstukke en sal die vervoerkoste aansienlik opstoot. Verder is 'n Zambiese aanklag teen Rh desië by die V.V.O. ingedien. Die V.V.O. het daarop besluit om 'n ondersoekspan van vier lede na Zambië te stuur ten einde die land se vraagstukke te probeer oplos. Intussen het Rhodesië die grens weer oopgestel nadat mnr. Smith glo bevredigende waarborge via 'n onbekende tussenganger van pres. Kuanda gekry het, en die oogmerk met die grenssluiting, volgens mnr. Smith, daarmee bereik is. Pres. Kaunda hou egter voet by stuk dat hy nie weer sy kant van die grens gaan oopstel solank 'n Blanke regering in Rhodesië aan bewind is nie. Nogtans het Zambiese grensbeamptes sedertdien wel 'n beperkte mate van verkeer deurgelaat.

Die vraag is nou in watter rigting die geskil ontwikkel, of dit ernstiger word en of daar 'n verslapping van spanning waarneembaar is, asook wat die wyer betekenis daarvan vir Suid- en Suider-Afrika is. Oor mnr. Smit se optrede was daar uiteenlopende menings. Daar bestaan 'n gevoel dat hy oorhaastig opgetree het, terwyl die mening dat hy op sterk optrede besluit het om groeiende ontevredenheid by sommige blanke Rhodesiërs met sy regering te besweer, nie sondermeer afgeskryf kan word nie. Verder word die Rhodesiese regering in sommige kringe daarvoor verkwalik dat juis sanksies as 'n wapen aangegryp is terwyl Rhodesië self daaronder gebuk gaan, terwyl daar in Suid-Afrika ook gebelgdheid is oor die feit dat mnr. Vorster nie vooraf geraadpleeg is nie terwyl die land behulpsaam is met die bewaking van Rhodesië se grense.

Daar is egter ook iets gunstig te sê vir mnr. Smith se verweer dat hy die Suid-Afrikaanse regering in 'n moeilike posisie sou geplaas het. Eerstens is dit algemeen bekend dat Suid-Afrika nie aan sanksies as 'n middel ter beslegting van geskille glo nie soos duidelik uit sy optrede na die instelling van daarvan teen Rhodesië geblyk het. Ook in hierdie geval sou Suid-Afrika konsekwent by sy standpunt moes bly. Deurdat Rhodesië eensydig opgetree het, kon mnr. Vorster in alle eerlikheid verklaar dat hy nie geraadpleeg is nie, 'n feit wat aan Suid-Afrika groter beweegruimte laat om 'n bemiddelende rol te speel.

Daar is egter geen twyfel nie dat mnr. Smith in 'n moeilike posisie verkeer het en dat die omstandighede ingrypende optrede vereis het. Behalwe suiwer verdedigende optrede wat die nadeel inhou dat die terroriste altyd oor die inisiatief beskik om toe te slaan wanneer en waar hulle verkies en waarvoor mnr. Smith alreeds deur sommige van sy eie mense verkwalik word, het nie veel ander moontlikhede oorgebly nie. Om soos die Israeli's terroristebasisse in die gasheerland te gaan vernietig, sou in die vyandige klimaat waarin Rhodesië hom bevind, nog groter gevare inhou.

**Posisie van krag.**

Die onmiddellike vraagstuk wat om oplossing roep, is dat daar in ons wêrelddeel 'n gevaarlike situasie ontstaan het wat die saad van verdere spanning en selfs 'n gewapende botsing inhou. Die Suid-Afrikaansbeleid waardeur juis gepoog word om toestande in Suider-Afrika te normaliseer en 'n ekonomies geïntegreerde maar politiek onafhanklike subkontinent tot stand te bring, het daardeur 'n knou gekry waarvan dit moeilik sal herstel, en wat al die talente aan takt en staatsmanskap sal vereis. Die verligting van spanning vereis toegewings aan albei kante. Die heroopstelling van die grens verteenwoordig 'n Rhodesiese stap in die rigting. Vir Kaunda, wat 'n leiersrol in Afrika probeer speel en wat so diep betrek is in die kruistog





U kan gerus u bande versool by . . .



**GOLDEN WEST RETREADERS**

'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK!
Groot Voorraad

★ NUWE en VERSOOLDE bande
Versoling nou ook verkrygbaar in die GOODYEAR G 800 loopvlak

★ Nuutste toestel vir WIELSPORING en -BALANSERING.

LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM

Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse!

DIE NES

★

BU TELEWE SENTRUM

★

Alle toerusting vir buite-lewe entoesiaste. Ons verskaf alle ka peertoerusting,

asook

**JURGENS EN VENTER WOONWAENS**

en sleepwaens.

★

**FLORNALEDE:**

Ons is bereid o u spesifieke toerusting op bestelling te kry!

★

TELEFOON 0000

*Eva's Boutique*

VIR AL U NAALDWERKBEHOEFTES

★

DAMES.....

Ons hou 'n groot voorraad materiale wat in u smaak sal val.

★


Hoek van Von Wielligh- en Tomstraat — Telefoon 6213

POTCHEFSTROOM.

# NUWE HUISVADERS BENOEM

**Daar is vanjaar drie nuwe huisvaders wat Universiteitskoshuise onder hulle vleuels neem. Hulle is mnr. C. J. H. Schutte, prof. F. J. Potgieter en dr. C. J. Reinecke.**

**Mnr. Schutte is registrateur (Finansies) en prof. Potgieter is hoof van die departement Stads- en Streekbeplanning.**



Dr. C. J. Reinceke.



Mnr. C. J. H. Schutte.



Prof. F. J. Potgieter.

**Albei is benoem as huisvaders vir die Kasteel-koshuiskompleks. Mnr. Schutte is huisvader by Kasteel no. 1 en prof. Potgieter by Kasteel no. 2. Na verneem word sal daar moontlik op 'n vergadering in Maart vanjaar, besluit word op gepaste name vir die verskillende dele van Kasteel.**

**Dr. C. J. Reinecke is huisvader van die koshuis by die kloosterskool waar sowat 236 manstudente gehuisves word. Hy is hoof van die departement Biochemie.**

# OOR DIE ONDERDEUR

Na 'n lang afwesigheid is die bo-deur weer van knip af en kan ons almal weer loer en beloer word.

Tot my vreugde sien ek dat die meerderheid van die ouer garde mekaar nie verloor het gedurende die lang afwesigheid nie. Inteendeel — sommige bande is selfs met blink klippies versterk! So sien ek nog vir Marius en Lana baie gelukkig, Marius Schalekamp en Susan Venter en dan ook nog Marius Steyn en Marie Bruwer. Moet dan ook nie Marius Steyn se regterhand en boesem vriend Capie, vergeet nie. Hy lê nog steeds druk besoek af by Magda.

Aangesien ons nou aan die onderkant van die spoor beweeg, kan ek net sowel noem dat Francois Leygonie en Annamare Naude mekaar nie verdeel het in die lang afwesigheid nie, so ook nie Piet Breitenbach en Corrie Brouwer, Elsa Toxopeus en Nick, Andre Lubbe en Mariet Snyman en Hannes en Wilna nie. Philip Schlebush en Helene Schoch verkeer blykbaar ook nog op meer as net platoniese voet.

En wat dan van die Alabama-romanse tussen Jo Enslin en Wilma Prinsloo wat konkrete vorm aangeneem het deur middel van 'n diamant? Moet dan ook nie James en Hannetjie se diamant miskyk nie!

'n Mens verheug jou daarin dat gawe jong manne soos Richard de Kock en Charl van der Merwe ook eindelik 'n vasbytplekkie gekry het.

Dit wil blyk asof Kerneels van Niekerk nog steeds nie omgee dat hy sy rieme by Louise styfegeloop het nie, soos Dirkie Coertze ook nie omgee dat Linda du Toit haar ireme om hom vastrek nie.

Naomi Juyn verkeer nog steeds in dieselfde waas as toe sy Johan vir die eerste maal ontmoet het terwyl Griet Venter sorg dat Moppie sy voete stewig op die aarde hou.

Twee dametjies wat in groot blydskap verkeer, is Rika, wie se Cassie by die Dramadepartement aangestel is, en dan Sandra Nicholas, wie se Peter van Hoesslen teruggekom het om Honeurs te doen.

Hier loop egter 'n groot aantal dames rond wat nie so baie gelukkig is nie — die grasweduwees. Elsa Oosthuizen sit gedurig by die telefoon vir oproepe van Ben in Pretoria. Erika Hatting se hart trek met 'n punt Stellenbosch toe, nog voor Charlie al daar terug is. Almarie Freidberg kwyn ook stadig maar seker weg, hoewel John Guy net om die hoek is. Die kamermaats Ronel Beukes en Martie de Witt is ook deur dieselfde slag getref, aangesien Allan en Francois albei weg is. Martie Boshoff kan van meer geluk spreek, want Jos Welman is by Boys High aangestel as onderwyser.

En dit is raar maar waar: ons sit selfs met 'n paar graswewenaars. Pierre Uys soek gedurig geleenthede Pretoria toe Die arme Nic Louw, eens 'n Playboy, weet ook nie meer of die Puk lekkerder as Tukkies is nie.

Van eensame mans gepraat: die eerstejaardametjies sal uitvind dat hier vele is, al is hulle dan minder berug as die Studenteraad. Dink maar aan die arme Karel van Heerden, Jans Booysen, Dries Coetzer, William du Toit, Philip Burger, Herman van Niekerk, Jan Bonsma, Bart Saayman en natuurlik Lompies.

Tot volgende keer dan.

# WEN GRATIS RIT

Die Nedbank Begrotingsredekompetisie sal aan universiteitstudente die geleentheid bied om 'n mening te lug oor hoe die land se ekonomie gehanteer behoort te word.

Net soos die vorige twee jaar stel Nedbank die kompetisie aan alle universiteite vir deelname oop. Alle studente word uitgenooi om hulle menings te lug oor die belangrikste ekonomiese probleme in 1973 met betrekking tot Suid-Afrika en hulle antwoorde behoort 'n interessante opgawe van studentemenings te verskaf.

Die kompetisie is nie alleenlik beperk tot studente in die ekonomie nie, maar studente van alle fakulteite 'is welkom om aan die kompetisie deel te neem. Die kompetisie sluit twee weke voor Begrotingsdag, d.i. 14 Maart 1973.

Daar sal wenners uit die inskrywings van al 12 universiteite aangewys word. Die eerste prys by elke universiteit 'is 'n gratis rit na Kaapstad om die Begrotingsrede in die Volksraad by te woon en om toonaangewende finansiële sprekers van beide kante van die Huis te ontmoet.

Die omvang van die kompetisie is hierdie jaar vergroot, en addisionele pryse by elk van die twaalf univetsiteite sal as volg toegeken word:

Tweede prys: R30
Derde prys: R20
Vierde prys: (Vir die oorspronklikste idee) R10

Die nuwe prys vir die oorspronklikste idee sal nie van die gehalte van 'n student se algemene inskrywing afhanklik wees nie, maar sal vir 'n uitstaande en oorspronklike idee toegeken word. Inskrywingsvorms is verkrygbaar by Nedbank-kantoor in Potchefstroom en by Prof. W. Venter, Dept. Ekonomiese Wetenskappe, Kamer 10.


KOLLEGE DIENSSENTRUM

H/v. Von Wielligh- en Presidentstraat. Telefoon 5800

★

V R C TROEN EN RENAULT

★

Groot voorraad uitgesoekte, gebruikte motors. Volledige verkope, onderdele en herstelwerk vir alle motors.

★

ONS SPESIALISEER IN CITROEN EN RENAULT





POTCH. HEALTH STUDIO

★ MANS-
★ DAMES-
★ SUANA-
★ LIGGAAMSBOU
★ FIKS

UITSIG ARKADE,
DIE BULT,
TOMSTRAAT

TELEFOON 6846



Paradise Restaurant

TOMSTRAAT

TELEFOON 5474

★

DIE STUDENTE KAFEE

OP DIE BULT



Flamingo Padkafee

★

ONS IS OOP TOT 12 NM. WEEKSDAE EN TOT 10.30 NM. SONDAE

★

DIE NAASTE PADKAFEE AAN DIE UNIVERSITEIT

(Op die Carletonville-pad)

★

BESOEK ONS NA INRY VIR VERSNAPPERINGE

# OP DIE KOSHUISFRONT

**DORP.**

1973 is ingelui met 'n besondere drukke tyd vir die Dorpstudente: die eerstejaars was 'n groot groep en die (ex)-dore die meeste ooit. Die sosiale patroon tot dusver was baie dieselfde as die koshuise maar daaroor praat ons nie nou nie.

Wat besonder noemenswaardig is, is die stappie van die dorpseerstejaars wat dwarsoor die kampus bekend is: een, twee, drie dorp; swaai, swaai fieeer, fiieet. Hierdie is die breinkind van een van die bestuurslede.

Iets anders wat dorp so uniek maak, is dat sy ledegeld baie laag is: net maar een rand vir die hele jaar!

Met 'n wakker minister van sports (Gert Joubert) sien al die dorpslede vooruit na 'n jaar van baie intertees en ander gesellighede.

Ten slotte: aan alle nuwe Dorpstudente sê ons welkom. As daar enige navrae is, skakel asseblief met Dawid Weyers of Jan Nagtegaal by die S.R. kantoor.

**OOSTERHOF.**

Hier aan die oostekant van die treinspoor gaan dit nog voor die wind. Ons koshuis het nie gedurende die vakansie geskuif nie, en staan nog op die hoek.

Die enigste verandering wat ingetree het, is 44 Dore wat ons lewe kom vergal het. Hulle is egter gou deur die ou-dames reggesien en van hul matriekkompleks genees. Fraai en fyntjies het hulle soos ware Oosternooiens die ontheffingsdinee bygewoon, en nou kan almal weer 'n rustige tydjie beleef.

Gedurende die vakansie het ons primaria en onder-primaria, Hester Grobler en Charlotte Kirsten besluit dat dit die beste is om 'n S.R.-lid ordentlik vas te trek en nou sit elkeen met 'n knoets van 'n diamant. Baie geluk ook aan die ander dames wat Oosterhof se karaatwaarde laat styg het.

Ons is baie bly om weer terug te wees op die PUK, en na die ontgroening is ons lus vir die akademiese en sosiale jaar wat voorlê.

Ons sal gereeld van ons laat hoor in "*Wapad*" en ook ons eie "*Oosternooi*".

**LIBERALIA.**

Nou ja, dis 'n nuwe jaar met nuwe dinge en ook ons hier in Liberalia praat saam. Waaroor? Wel, die nuwe motors natuurlik. Om die waarheid te sê, dit wil voorkom asof die beperking op motors die mans nie juis afgeskrik het nie.

Die volgende ding wat ons heel gou opgemerk het, is die groot aantal van ons stoere inwoners wat verlore geraak het. Party deur onvermydelike omstandighede soos die Akademie, maar ander het sowaar uit eie vrye wil (?) gaan staan en trou, of dergelike dinge gaan doen. Aan al hierdie persone en ook aan die ander wat verloof geraak het, (verbeel jou) dra ons die simpatie van die ander inwoners oor. Gelukwensing ook aan al die manne wat graad gevang het — en hier is van hulle, hoor!

Ons sportseisoen is sommer al klaar op dreef met 'n vriendeaplike krieketwedstryd teen Over de Voor, waarin laasgenoemde minder goed gevaar het. Rugby? Ons weet nog nie. Dit wil voorkom asof die algemene gevoel is dat ons hierdie jaar op ons eie en nie weer saam met Makouvlei moet speel. Noudat die uitslae ons ook 'n bietjie uitgedun het, wil dit lyk asof ons groot aantal kanovaarders sleg verminder is.

Om sake op interkoshuisvlak te verbeter, was ons verlede week van plan gewees om een van ons tradisionele hokkiewedstryde teen Heide te speel en was dit nie vir 'n chroniese gebrek aan hokkiestokke op die plaas nie, het ons ook. Ons wil die hoop uitspreek dat dit egter nie heeltemal van die program geskuif sal word nie. Aan die dameskoshuise kan ons net noem dat ons voorgestelde aksies alle vorige Liberalia-ontspanningsaksies sal oortref. Ons baie geslaagde „Interplaas" van verlede jaar sal soos 'n kalfie lyk teen hierdie jaar se planne.

**OVER-DE-VOOR.**

'n Onaangename verrasing het vanjaar op die seniors van Over de Voor gewag! 'n Vyftigtal drake het in hul koshuis kom nesskrop en was blykbaar die mening toegedaan dat hulle kaas was, want hulle was toe mos al 'n week op die plaas.

Hulle het egter gou hul onbekwaamheid onder die ou-here se neuse kom vryf deur 'n ongehoorde vyfde plek in die eerstejaarsatletiek te behaal.

Die ou-here het hul opvoedingstaak met groot toewyding aangepak en dit is met sukses bekroon toe die eerstejaars 'n paar dae later Dawie Dup 'n nederlaag in 'n kussinggeveg toegedien het. Die ou-here het steeds voortgegaan om mense van die eerstejaars te maak. Uitkenningsparades was net pret.

In die hoofwedren op Kayalami-dag het Sand met sy vierdraakaangedrewe Cortina met breë tekkies loshande gewen.

Over de Voor is egter nie deur die aankoms van die eerstejaars uit rat gegooi nie. Die kaartspelers is alweer hard besig om te „hond" en te „sammajoor". Met die vertrek van die „beroemde" Dirk Venter lyk dit egter of die brugkring 'n knou toegedien is.

Die krieketseisoen is Woensdag ingelui met 'n vriendskaplike wedstryd teen Dawie Dup. Sakkie Pieterse en Andre Claassen het alreeds gewys dat daar vanjaar op hulle gereken kan word.

Ook op amoreuse gebied is die Voor vroeg al bedrywig. Die ou-here was haastig om die Dore se talente 'n bietjie van nader te beskou en in intertee is Sondagaand met Kasteel gehou.

Pukke, julle gaan vanjaar nog sommer baie van ons hoor!







United Tak

By Piet Fouties (Fotokuns)

TOMSTRAAT 82, DIE BULT, POTCHEFSTROOM.

TELEFOON 5985



BY VOORKEUR

Gebak deur

Turkstra

DIE KEURIGSTE GEBAK IN POTCHEFSTROOM

ONS LEWER AAN DIE UNIVERSITEIT


# SENIORAAND



Ag wee, is al wat 'n mens kon sê na die aanhoor van so 'n seniorkonsert. Wat 'n jammerte is dit nie dat honderde seniors hierdie belewenis nie kon meemaak nie, omdat 'n spul dore en drake byna die helfte van die saal met hulle verskyningsvorms beset het.

**ALABAMA!**

Manjefiek! Pragtig! Geluk! Selfs die drie woorde kan nie heeltemal die puik vertoning beskryf nie. Elke Puk wat daar was sal met my saamstem dat die uitvoering deur die Alabama ritmegroep uiters voortreflik was. Die hele uitvoering het getuig van afronding, musikaliteit en gehalte.

Die verskeidenheid van stemme, die verskeidenheid van aanbiedinge en die tot nog toe verborge talent wat na vore gekom het, is alles faktore wat daartoe bygedra het dat die uitvoering groot byval gevind het. Dit is soms moeilik om 'n mens se gevoel uit te druk, maar ek dink die massa wat daar was het hulle gevoel pragtig uitgedruk met die geweldige applous. Na die senioraand sien almal uit na vanjaar se Alabamaprogram.

Oor Joe en Louw kan 'n mens nie skryf nie, jy kan net lag. Soos gewoonlik het Joe 'n mens weer laat skater met sy oorspronklike grappies wat net hy kan maak.

**THALIA.**

Wat getref het van die uittreksels uit "Sagmoedige Neelsie" was die effektiewe manier waarop die humoristiese en satiriese in Langenhoven se werk op die planke gebring is. Die fris studente-manier van aanbieding tesame met Langenhoven het dan ook gesorg vir die sukses van die aanbieding.

Dankie tog, ek is nie 'n eerstejaar nie, want dan sou ek beslis 'n slapelose nag gehad het om te besluit by watter geselskap en nou die graagste sou wou


MOTOLEK

Hierdie onderdele is by u plaaslike

MOTOLEK

verspreider verkrygbaar . . .

POTCH SPARES

Lombardstraat 39 - POTCHEFSTROOM - Tel. 6077, 4595

ELECTRICAL PARTS FOR JAPANESE CARS AND TRUCKS

motolek

# Studentemening

Ek het hom toe vanaand gevang — daardie wilde perd wat die afgelope week of wat so om die koffiekanne by die koshuise gerunnik het. Nou klim ek hom sommer van die verkeerde kant af op en laat hom koers inslaan.

Eers die omstandighede wat aanleiding gegee het tot die hele affêre. Ek haal aan uit die omsendbrief gerig aan alle koshuisstudente vir 1973:

„Die Raad van die P.U. vir C.H.O. het op 15 November 1972 onderstaande besluite geneem:

‚Vanaf 1973 word aan geen voorgraadse student (ook voorgraadse diplomastudent) wat in Universiteitskoshuise inwoon 'n EERSTE toestemming verleen om 'n motorvoertuig in Potchefstroom aan te hou nie" (ander bepalings nie nou ter sake). Verder moes alle koshuisstudente wat nie in 1973 verlof het om motors aan te hou nie 'n onderneming onderteken dat hy/sy „geen motorvoertuig op die koshuisterrein of in Potchefstroom in 1973 sal aanhou nie." Verbreking van die ooreenkoms stel hom/haar bloot aan onmiddellike uitsetting uit die koshuis.

Dat die Raad van die P.U. so 'n regsreël kan neerlê, wil ek hoegenaamd nie betwis nie. Die Raad is 'n kompetente orgaan en dit is noodsaaklik dat die Raad reëls neerlê. Sodanige reëls is net sulke egte reg as die wat in 'n wet vervat is, omdat dit die element van ordening deur vergelding bevat. Die interne struktuur van so 'n niestaatlike samelewingskring (soos die universiteit) bepaal egter ook die grense van sy regsvormende kompetisie.

So kan die tennisklub van Platrand nie 'n reël neerlê dat Piet Pieterse wat in Bossieshoogte bly nie vir Bossieshoogte se rugbyspan mag speel nie (name denkbeeldig). So 'n orgaan moet hom bepaal tot sy eie interne sfeer en die regsreëls wat die orgaan uitvaardig is tyds- en plekgebonde.

Dat die koshuisstudent nie sonder die nodige verlof 'n motor op die universiteitsterrein mag aanhou nie, is niks anders as reg nie. Hoekom sou die bepaling in die onderneming dat 'n motor in so 'n geval ook nie in Potchefstroom aangehou mag word nie? Selfs die eerstejaarstudent wat 'n dagstudent is mag 'n motor aanhou. Goed en wel, die koshuisreglement en -reëls met betrekking tot koshuisstudente is nie op hom van toepassing nie, hy bevind hom buite die gebied van jurisdiksie van sodanige reëls.

Besluite wat die Dorpsraad van Dorp X maak om koshuisaangeleenthede van die universiteit in Dorp Y te reël is natuurlik kragteloos — dit val buite die betrokke dorpsraad se kompetensiesfeer. Dit is ook nie die

W LL ERE NECKE, LL.M.

dorpsraad se belange waaroor dit gaan nie. As 'n voorskrif nie orden nie, is dit tog nie 'n norm nie, en word belange nie geharmoniseer nie, en is dit nie 'n regsnorm nie. Sodanige reëls van die dorpsraad, alhoewel dit reëls is, is skynreg — die dorpsraad het niks te make met huishoudelike sake van die koshuis nie. Die omgekeerde is natuurlik ook waar.

Myns insiens is hier 'n haakplek. Kan u uself voorstel dat kosgangers wat nie koshuistee wil drink nie of omdat die koshuistee op is, verbied sal word om op Die Bult tee te gaan drink. Beswaarlik. Hier is twee terreine ter sprake met oorvleueling wat lei tot regsonsekerheid. Om watter rede mag die koshuisstudent nie 'n motor in die dorp aanhou nie? Weens die genoemde regsreël wat neergelê is — maar die reël het gelding m.b.t. koshuis-inwoners op koshuisterrein. Met alle respek kan ek nie die kriterium vir die uitbreiding van die geldingsterrein vind nie. Ek is onbewus van enige regulasies of ordonnansie van munisipale aard wat die aanhou van motors deur koshuisstudente op private persele in die dorpsgebied, buite universiteitsterrein, verbied. Hoe vind ons nou 'n konflik.

Reëls en bepalings word nie sonder rede neergelê nie. Ek het 'n aantal moontlike redes gevind waarom die voorgraadse student wat in 'n koshuis inwoon en nie voorheen toestemming gehad het nie, nie 'n motor mag aanhou nie.

# PADTOETS

**1. Hy benodig nie vervoer na die kampus nie.**

Dit blyk duidelik en ek is dit eens. Dit is ook die rede waarom die inwoners vam Klooster met verlof motors mag aanhou. Die koshuisstudent benodig egter vervoer na ander plekke toe, byvoorbeeld na die dorp. Busdienste is onvoldoende (probeer gerus om op 'n Saterdagaand met die bus na die dorpsfliek te gaan). Huurmotors is duur en die aantal beperk. Die sakekompleks op Die Bult berskik ook nie oor al die noodsaaklike geriewe om in die student se behoeftes te voorsien nie. Wat nou daarvan as die student na sy ouerhuis wil gaan? Om te ryloop is deesdae nie maklik nie, dit kan ook nie van dames verwag word nie, treinkaartjies was nog nooit goedkoop nie, tye is soms ongerieflik en sommige dorpe het nie eens spoorwegstasies nie. Vir 'n ouer is dit nie altyd moontlik om die student te kom haal en weer terug te bring nie — Ek dink aan studente wat woon in Port Elizabeth, Durban, ensovoorts.

**2. Gebrek aan parkeerruimte by die koshuise.**

Dit mag wel die rede wees maar my beskeie mening is dat parkeerruimte by die koshyise, indien reg benut, nog voldoende is. By die dameskoshuise is die aantal motors gering, sover my kennis strek, en is dit nie 'n probleem nie. As die geval by die manskoshuise anders is, is dit dan nie die aangewese wyse om die probleem te oorbrug deur ruimer parkeergeriewe te skep of die student toe te laat om sy motors elders in die dorp aan te hou nie?

**3. Dit strem akademiese vordering.**

Nou ja, ons het Puk toe gekom om te swot. Die student wat dit nie besef of dit besef en nie daarooreenkomstig optree nie, is in vir 'n groot „surprise". My betoog is egter dat diegene wat die motor gebruik om sy akademiese pligte te versuim, indien sonder sy motor, wel baie maklik 'n ander instrument sal vind. Enige student wat nie na wense met sy studies vorder nie, loop tog nog altyd die gevaar op die lyf om toestemming te verbeur. Waarom nou alle voorgraadse studente wat in die verlede nie toestemming gehad het om motors op die koshuistrereine aan te hou nie nou die reg ontsê? Betreffende die eerstejaarstudent is dit my mening dat hy/sy eers sy/haar voete (letterlik en figuurlik) moet vind hier. Dit is 'n groot aanpassing, strenger kontrole oor hom/haar is noodsaaklik en 'n groot aantal besit in elk geval nog nie rybewyse nie.

**4. Die parkeing van motors ontsier die koshuisterreine.**

As parkeerterreine verbeter word (geteer, uitgemeet en afgemerk) sal die estetiese sy ongeskonde bly.

**5. Studente bestuur roekeloos of nalatig of onbedagsaam.**

Die aspek val binne die jurisdiksie van die verkeersdepartement en koshuisreëls het behalwe wat die koshuisterreine aanbetref geen gelding nie. Ek is ook van mening dat ons studente se bestuursvermoë nie sodanig is nie.

**6. Sleepaksies ontaard maklikker.**

Hierdie is 'n teer en myns insiens private punt. Waar kan 'n ou en 'n aster wat kosgangers is 'n bietjie privaatheid geniet? Definitief nie in die dames of manskoshuis se sitkamer nie Daar is nie genoeg sitplek vir al die slepers nie — sleepbankies op die kampus is nes spoke — jy hoor daarvan maar sien dit nooit Enige ander plek soos kafee's, ens. kos geld en dan staan jy soms nog boonop in 'n tou vir 'n sitplek. 'n Motor los in 'n mate die probleem op. In 'n ernstiger lig — die motor is nie 'n *conditio sine qua non* oftewel 'n onontbrekende voorwaarde vir sulke ongerymdhede nie. Baie meer hang van die paartjies persoonlik af.

Of een van hierdie redes deurslaggewend kan wees, is 'n ope vraag.

Wat wel seker is, is dat 'n motor nie meer 'n luukse artikel is nie, dit is 'n noodsaaklikheid, ook vir die student. Tye het verander, die era van die fiets is onherroeplik verby en Vader Tyd ry deesdae in 'n sportmotor.


**Die King's Hotel**

kondig met genoeë aan dat die

voormalige

**Copper Rail**

vanaf Maandag, 26 Februarie verander na

"COPPER RAIL A LA CARTE EN STEAKHOUSE"

★

Vanaf Sondag, 24 Februarie sal Sondagaande na ete (8.30) 'n vollengte filmvertoning in die eetlokaal vertoon word.

*Drankies word bedien vanaf 6 uur nm.*

★

ONS IS TEN VOLLE GELISENSIEERD

**WANNEER PA NIE MEER WIL BETAAL NIE . . .**

Maak gebruik van ons

**Versolingsdiens**

★

**SCHWIMM'S BANDESENTRUM**

ONS DOEN KWALITEIT VERSOLINGS EN VERSKAF NUWE BANDE

★

U is verseker van flinke diens by enige van ons takke dwarsdeur Wes-Transvaal.

★

LOMBARDSTRAAT 10 TELEFOON 6777

POTCHEFSTROOM


# VOLK TOT BESINNING GEROEP . . .

Vervolg van bladsy 4.

van ander wil reg laat geskied.

Hy het daaro gewys hoe pluralisme nog nêrens in die wêreld suksesvol gewerk het nie. Saambestaan is nodig en noodsaaklik, maar dit beteken nog nie integrasie nie.

Ons mikpunt moet wees „'n konstellasie van wit en swart Suidelike Afrikastate", waartussen daar 'n saambindende moet wees, sonder dat daar enige wesenlike inbreuk op enigeen se soewereiniteit gemaak word.

„Is daar enige rede waarom wit en swart en Indiër en Kleurling nie nou al openlik om 'n ronde tafel kan delibereer oor gemeenskaplike probleme nie?" het genl. Hiemstra gevra. „Dit is tog seker nie die effektiefste vorm van dialoog om van openbare platforms of via koerante mekaar te staan en aanskree nie."

„Ek stem met die Opposisie saam dat dit nie prakties is om die miljoene nie-blankes wat 'n permanente en onvervangbare deel van die omgewings van ons groot stede geword het met die trekarbeiders van Europa te vergelyk nie."

„Basies is ons probleem getalle en andersheid en nie die kleur van 'n man se vel nie. Ons sal moet wegdoen met aanstootlike en beledigende kennisgewings wat wel gedoen kan word as ons net 'n bietjie wil dink sonder om onmoontlike situasies te skep."

Aan die einde van sy toespraak het Genl. Hiemstra na die invloedryke Potchefstroomse tydskrif: „Woord en Daad" verwys. Hy het die Afrikanerjeug en hul intellektuele leiers opgeroep om met 'n Woord en Daad-beweging die volk te aktiveer om weer nuwe vergesigte te sien.

Die geleentheid en verantwoordelikheid om ons uit die „toestand van 'n soort stilstuipe" los te ruk, rus op almal, het genl. Hiemstra afgesluit.

# Puik vertonings deur eerstejaars

**TEN SPYTE van 'n stadige en klam baan het die eerstejaarsatletiekbyeenkoms verlede Saterdag op die Fanie du Toit-sportterrein sy kwota puik vertonings gelewer. Ses byeenkomsrekords is verbeter en twee is geëwenaar.**

Die nuwe rekordhouers is Piet Meyer met 'n tyd van 6 min. 20,3 sek, in die 1500m stap (Hennie Badenhorst en Koos van Staden wat onderskeidelik tweede en derde in 6 min. 49,6 sek. en 7 min. 4,9 sek. was, het ook die ou rekord oortref), Koos Boshoff met 49,9 sek. en 55,3 wek oor die 400m en 400m hekkies, Robert Gray met 3 min. 57,1 sek, oor die 1500m, Estha Griesel met 1,53m in die hoogspring vir dames en Denise Swanepoel met 5 min. 25,8 sek. oor die 1500m vir dames.

Dawid Kuhn het die rekord van 14,6 sek, oor die 110m hekkies geëwenaar en die Klooster se „Puk-kewyne" die 4 x 100m aflostyd van 45,0 sek.

Ander goeie vertonings is gelewer deur: Dawid Kuun — 100m 10, 8 sek., Hendrik Bosman — 200m 22,9 sek., Robert Gray 3000m 9 min. 3,4 sek., Henk du Toit — gewigstoot 49' 2½", Hennie Troskie — skyfwerp 49,99m, Piet Tereblanche — spiesgooi 189' 1", Piet Pieters — driesprong 44' 1¾", Corrie van der Colff — paalspring 11' 3" met K. Weitz oor dieselfde hoogte, C. Spamer — hoogspring 1,90m, J. Nel — verspring 21' 5p, en M. Bester — hamergooi 42,89m.

Onder die dames was daar verdienstelike tye, afstande en hoogtes deur Hester Gunther — 100m 12,3 sek., Cathy Hough — 200m 26,2 sek., Anne Hayward — 400m 60,4 sek., Denise Swanepoel — 800 m 2 min, 27,2 sek., Cora Schoombee — skyfwerp 34,76m, Lettie Bernardo — skyfwerp 33,21m, Lena van Wyk — hoogspring 1,50m Cora Schoonbee — gewigstoot 11,73m, Lettie Bernardo — gesigstoot 10,81m, Lettie Bernardo — spiesgooi 35,57m en Isabel van Staden — verspring 5,05m.

**Onder: Piet Meyer op pad na die wenpaal om 'n rekord op die 1 500 meter stap op te stel.**

*(Fotokuns*





**Van die eerstejaar-atlete wat presteer het tydens die eerstejaarsbyeenkoms. Sien berig langsaan.** *(Fotokuns)*


# Faantjie verhuis

**FANIE VAN ZIJL, beroemde Springbok en Puk-atleet, het na Randfontein verhuis.**

Fanie van Zijl, wat bekend is vir sy prestasies van wêreldformaat, het tydens sy verblyf op Potchefstroom die gunsteling in huishoudelike atletiekkringe geword. Hy het herhaaldelik Suid-Afrikaanse rekors oor die middelafstande — sommige op die Bill Swart-ovaal — opgestel.

Vir atletiek hier het hy baie beteken sodat sy besluit om te verhuis as 'n groot verlies gesien word.

Van Zijl het aan die begin van 1968 aan die Potchefstroomse Universiteit, ingeskryf, waar hy die diploma in handel verwerf het. Nadat hy sy studie voltooi het, het hy by die Universiteit in diens getree en sedert verlede jaar is hy by die Triomf Kunsmismaatskappy.




**Fanie Van Zijl.** *(Fotokuns).*

Van die 800 tot die 5 000 meter het hy nasionale rekords opgestel waarvan vyf tans nog agter sy naam staan.

Hy was die enigste junior buite die V.S.A. wat die droommyl kon aflê en as senior het hy die sub-vier-minutemyl verskeie kere afgelê, selfs so hoog bokant seevlak as Pretoria. In oefenlope alleen het hy nagenoeg al 200 000 kilometer afgelê.

Drie keer was hy die Pukke se Sportman van die Jaar en verlede jaar ook een van Suid-Afrika se sportsterre van die jaar. Verskeie kere het hy onoorwonne van oorsese toere teruggekeer. Onlangs nog het hy in die buiteland met die Olimpiese wenner oor die 800 meter, Dave Wottle, en die wêreldkampioen oor die 1 500 meter, Jim Ryan, afgereken.

# Rhodesie-Zambiese geskil

**Vervolg van bl. 6**

teen die Blanke Suide, is dit nie so maklik nie. Hoewel tans meer anti-Blank as ooit, kan aanvaar word dat hy wel pogings aanwend om terroriste-bedrywighede in sy land te bekamp. Soos in sekere Arabiese lande sal die organisasies hulle egter nie gedweë laat hokslaan nie. Die jongste reeks ontploffings in Zambië waardeur burgerlikes beseer is, is waarskynlik deur die terroriste veroorsaak. Deur dit na Rhodesiese dade te laat lyk, hoop hulle om Zambië, veral noudat die V.V.O.-sending hom daar bevind, in 'n konfrontasie met Rhodesë te betrek.

Suid-Afrika is in die moeilike posisie dat hy baie graag die toestand wil kalmeer maar terselfdertyd 'n oog op sy eie veiligheidsposisie moet hou. Hulp aan Rhodesië is absoluut noodsaaklik omdat die aanslag op die land slegs 'n tussenstadium na die uiteindelike doelwit, Suid-Afrika, vorm. Rhodesië se grense is dus ook Suid-Afrika se grense. Vir Suid-Afrika is daar in sulke botsende omstandighede net een wyse om toestande in Suider-Afrika min of meer normaal te hou. Dit is om vanuit 'n posisie van krag op te tree. Die land met ekonomies, militêr en politiek so sterk staan dat hy 'n magnetiese krag uitoefen in so 'n mate dat Zambië, nieteenstaande politieke verskille, deur ekonomiese werklikhede, gedwing sal word om samewerking eerder as konfrontasie te kies. Verder moet Suid-Afrika al sy invloed gebruik om 'n eerbare Brits-Rhodesiese skikking te bewerkstellig. Dit sou in alle opsigte 'n heilsame invloed op Suider-Afrikaanse betrekkinge uitoefen.

# RUGBYAFRIGTERS VIR PUKKE

**CHRISTO HOLTZHAUSEN is deur die Pukke se rugbyklub herbenoem as afrigter vir vanjaar. Hy was die afgelope twee jaar die studente se afrigter en het verlede jaar ook die Wes-Transvaalse span afgerig.**

Johan Claassen, Springbokafrigter van die afgelope paar seisoene en voorsitter van die nasionale keurkomitee, sal gevra word om hom gereeld by te staan.

Mnre. Schalk Hoogenboezem en Kadot van Heerden sal die o-20-spelers afrig.

Die Pukke speel hulle eerste vriendskaplike wedstryde van die nuwe seisoen op 21 Maart teen Wanderers van Kroonstad op Kroonstad. Gedurende die April-vakansie onderneem hulle 'n kort toer na Noord-Natal. 'n Toer vir die Julie-vakansie word nog beplan. Intervarsity is vanjaar op 25 Augustus op Olënpark.

Die Pukke is ook vanjaar die gasheer vir die jarlikse rubgyweek van die universiteite se o-20-spelers, Die toernooi word van 2 - 7 Julie op Potchefstroom afgehandel.

Prof. S. P. van der Walt het as voorsitter van die Klub uitgetree. Hy verhuis aan die einde van Maart na die Vaaldriehoek waar hy aangestel is as hoof van die P.U. se Tak daar.

Die Pukke het weinig van hulle eerstespanspelers van verlede jaar verloor. Volgens aanduidings sal Schalk van der Merwe, Johan Steyn, Eugene van Wyk, Frans Kruger, Piet Roodt, Theunis van Rensburg, Shoe Schutte, Maartin Schutte, Neil Cawood, Johan Loubser, Jim van Rensburg, Piet Brand, Andries Coetzer, Riaan Lotz, James Stoffberg en Nimrod van Zyl, almal weer beskikbaar wees.

Bommel Smit, Wes-Transvaalse voorryman, het 'n pos by die Universiteit aanvaar en sal waarskynlik ook vir die studente uitdraf.





Dit werk regtig so!
Open 'n Spaarrekening by Saambou-Nasionaal.
Jy kan enige plek in die land geld daaruit onttrek. En enigiemand (selfs jou pa) kan enige plek in die land geld op jou rekening inbetaal.
Boonop betaal ons jou 4% rente op daaglikse balans... net omdat jy so slim is!

SAAMBOU-NASIONALE BOUVERENIGING



A. VORSTER APTEEK

(Frans Nel, B.Sc. Far .)

OKTRONGEBOU LOMBARDSTRAAT

Skakel ons vir vinnige aflewering